

VOORWOORD

Hierdie temanommer bestaan uit bydraes vanuit die Ekonomiese Wetenskappe waarin nie alleen prinsipiële riglyne getrek word nie, maar ook hedendaagse bedryfsekonomiese ontwikkelinge, bestuurstrategieë en toekomstendense onder die loep geneem word. Tegelykertyd is dit ook 'n terugblik op die ontwikkelingspad van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en in die besonder, die Departement Bedryfsekonomie aan die PU vir CHO. Vanuit 'n beskeie begin het die die departement gedurende die tydsverloop van 50 jaar 'n bestendige groei en lewensvatbaarheid geopenbaar - inderdaad 'n tyd waarin ekonomiese terreine verken en voelers na nuwe horisone uitgesteek kon word.

Die Departement Bedryfsekonomie het amptelik in 1940 sy werksaamhede begin met die permanente aanstelling van mnr. D.J. Viljoen as lektor in die destydse Departement Handel, Administrasie en Bestuur. Gedurende hierdie tydvak is nagraadse studie (op honneursvlak) slegs in Bedryfsleer aangebied.

In 1951 is die naam van die departement amptelik verander na dié van Bedryfsekonomie. Die departement wat reeds in 1939 met klasse begin het en wat in die vroeg-veertigerjare die taak met minder as vyftig studente en een dosent aangepak het, het intussen gegroeい tot 'n departement met drie professore, een mede-professor, vyf lektore en meer as 'n duisend studente. Die departement maak ook van ses assistente gebruik om met die administrasie van die groot getal studente behulpsaam te wees.

Die eerste dosent, prof. D.J. Viljoen, het vir bykans 40 jaar as departementshoof gedien en is in 1978 deur prof. N.J. Swart opgevolg. Prof. N.J. Swart het in 1979 viserektor geword en is deur prof. J.J.D. Havenga (tans dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) opgevolg. Sedertdien het prof. G.J. de Klerk vir een termyn as departementshoof gedien en vanaf 1986 is die departementshoof prof. J. Arangies.

Hierdie uitgawe van *KOERS* gedenk die eerste 50 jaar van die departement en is 'n huldeblyk aan al die toegewydes wat hul onbaatsugtig vir die vooruitgang van hierdie departement beywer het en as aansporing dien vir diegene wat in hul voetspore sal volg.

Waar 'n departement 50 jaar se ontwikkeling en vestiging van uitgangspunte in dankbare herinnering roep, is die bydraes in hierdie uitgawe ook indirek die verslag doen van rentmeesterskap.

